Horison Sorgsentrum
Januarie 2019
Kos projek

Dit het onder ons aandag gekom dat die Sorgsentrum ‘n groot behoefte het vir kruideniersware vroeg in Januarie aangesien die spens en bankrekening gewoontlik leeg is na die lang vakansie. En weereens was ons projek, alhoewel kleiner as voriges, ‘n reuse sukses, want so het jul jul waens leeggemaak met bydraes na ons laaste (November) kamp en daar is ook nog aankope gedoen met die fondse wat geskenk is.

Daar is vanoggend onder andere blikkies groente en ander blikkies kosse, Mabela en Oats pap, mielie meel, aanmaak koeldranke, sout, suiker, rys, swart plastiese sakke en toilet papier geskenk. Nog ‘n sak gebruikte klere, gordyne en kussings is ook bygedra.

Weereens baie dankie aan almal wat gehelp het om vir die volgende paar weke hierdie Engel-kindertjies se magies vol te hou - jul samewerking word waardeer (onderstaande fotobeelde spreek vanself).

Groete

Tjaart - 09/01/2019

Goeie more vriende en vriendinne van Horison Sorgsentrum

Eerstens wil ons al julle lede ‘n Voorspoedige 2019 toewens! Mag julle al julle lekker kamp-kuiertjies geniet en veilig rondry.

Namens die Beheerraad, personeel en kinders ons opregte dank vir julle mildelike skenking van kruideniersware en klere. Ek het vanoggend vir Tjaart gewys hoe leeg ons spens is, die kruideniersware het net betyds gekom en werklik ons nood verlig.

Die blou gordyne is reeds gewas en lyk baie mooi in een van die klaskamers, weereens dankie daarvoor. Tjaart, baie dankie dat jy die aankope gaan doen het en dit by ons deur kom aflaai het.

Nogmaals baie dankie. Wees verseker daarvan dat dit in die beste belang van ons kinders aangewend sal word.

Horison groete

Rina

Horison Sorgsentrum
'n plekkie in die son